**Die getuienis oor die Here Jesus**

**Joh 5:31-47**

**20 April 2025**

1. Vantevore: Fisiese genesing van die man by Betesda beeld Jesus se verlossing van gelowiges uit. Volmag van die Here Jesus: Liefdesverhouding tussen die Vader en die Seun – Vader wys alles aan Seun, wat dit netso doen. Seun sal groter dinge doen: Lewe uit die dood bewerk en oordeel. Daarom: Eer die Seun soos die Vader, luister na Hom en glo. Beloftes: Gaan nou al oor van die dood na die lewe, geen veroordeling, toekomstige liggaamlike opstanding.
2. Ses Getuies ondersteun die self-getuienis van die Here Jesus (vgl Deut 19:15, Mat 18:16)
3. Getuie 1: Die Here Jesus (Joh 5:31-32)
    a. Die Here Jesus is nie sondige mens nie – eintlik is selfgetuienis voldoende
    b. Die Here Jesus is oortuig Sy getuienis is waar – die Vader stem saam
4. Getuie 2: Johannes die Doper (Joh 5:33-35)
    a. Johannes se getuienis ondersteun Jesus se selfgetuienis (vgl Joh 1:7, 29, 34)
    b. Jesus steun nie op Johannes se getuienis nie, maar gebruik dit omdat die Jode Johannes vir 'n tydjie gesteun het
5. Getuie 3: Die werke van die Here Jesus (Joh 5:36)
    a. Werke het mense laat glo (dissipels in Kana (Joh 2), Samaritane (Joh 4), koninklike amptenaar (Joh 4))
    b. Werke getuig oor Hom: Hy is die vervulling van die nuwe verbond, Hy is ware tempel
6. Getuie 4: God die Vader (Joh 5:37-38)
    a. Met die Here Jesus se doop en verheerliking: "Dit is My geliefde Seun oor wie Ek My verheug" (Mat 3:16, Mat 7:15)
7. Getuie 5: Die Skrifte (Joh 5:39)
    a. Skrifte = Ou Testament
    b. Al die Ou Testamentiese verbonde het die Here Jesus as inhoud
    c. Tragedie: Jode het die Skrifte bestudeer, ewige lewe gesoek – maar dit gemis
8. Getuie 6: Moses (Joh 5:45-47)
    a. Moses het koms van Profeet soos hy aangekondig, in Wie se mond die woorde van God sal wees – dit is die Here Jesus (Deut 18:15, 18)
    b. Ou verbond: tabernakel, offers, feeste, wette – wys na die Here Jesus
    c. Tragedie: Jode het op Moses gehoop, maar hy gaan hulle aankla
9. Opsommend:
    a. Oorweldigende ooreenstemmende getuienis van groot Getuies
    b. Ons lees van al hierdie getuienis in die Bybel – Bestudeer dit!
10. Tragedie van die Jode
    a. Jode het toegang gehad tot al hierdie getuienis – en tog nie die Here Jesus erken nie
    b. V37-38:
        - Nie die stem van die Vader gehoor, soos Moses in Eks 33:11 nie
        - Nie God gesien, soos Jakob in Gen 32:30 nie
        - Nie die Woord van God blywend bewaar, soos Josua nie (Jos 1:8)
    c. Die rede: "Julle het nie die liefde van God in julle nie" (v42)
    d. Behalwe ernstige verdieping in die getuienis van al die Getuies, is dit ook nodig dat God Sy liefde in iemand werk – moet van bo gebore wees uit water en Gees (Joh 3:3, 5)